

DIE BEGIN:

Meer as dertig jaar gelede skryf 'n bekommerde Afrikaner aan een van ons koerante: "Wat kan ons doen om die stroom van verengelsing te keer?" Hy vra verder dat Afrikaners wat in die voortbestaan van hulle volk belang stel, koppe bymekaar moet sit om eendragtige optrede te beplan.

Hierdie brief was die vonk in die droë gras. Dwarsdeur Suid-Afrika het dit weerklink: "Ons moet bymekaar kom. Ons moet saamstaan".

STIGTING:

Die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns het dit op hom geneem om verskillende taalmanne en verteenwoordigers van vooraanstaande Afrikaanse organisasies op 24 Augustus 1929 in Bloemfontein te laat vergader. Met hierdie vergadering is daar besluit om 'n Uniale Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie op 18 en 19 Desember 1929 in Bloemfontein te hou waar pogings kon aangewend word om verstrooide kultuurkragte te koördineer en ook 'n program van aksie opgestel word.

Die konferensie van 18 en 19 Desember 1929, wat deur 327 afgevaardigdes bygewoon is van oor die hele land, het besluit om die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge te stig met die leuse "Handhaaf en Bou". Onder die kongresgangers was o.a. wyle dr. N.J. van der Merwe, adv. C.R. Swart (nou Staatspresident), wyle dr. D.F. Malan, sen. F.S. Malan, prof. W.J. du P. Erlank, Jan F.E. Cilliers, ens.

STANDPUNT TEENOOR S.A.-KULTUUR:

Met sy tweede vergadering, gehou op 19 April 1930, was die F.A.K. se Uitvoerende Komitee se eenparige sienswyse dat hy in die lewe geroep is om ons eie Afrikaans-Hollandse kultuur te bevorder.

F.A.K.-VOLKSANGBUNDEL:

Met sy vergadering van 22 November 1930 bespreek die Uitvoerende Komitee 'n versoek van die A.S.B., wat hulle toe al beywer het vir die samestelling van 'n Volksliederebundel, om die verdere insameling, redaksiewerk en publikasies deur die F.A.K. te laat doen. Die Uitvoerende Komitee het besluit om die moontlikheid van die uitgee van so 'n bundel te ondersoek.

Op 7 Maart 1931 is deur die Uitvoerende Komitee besluit om so 'n liederebundel uit te gee en is 'n kommissie saamgestel om aandag daaraan te gee. Mnr. S.H. Eyssen is as redakteur aangewys.

Om die bundel soos ons hom vandag ken saam te stel was geen geringe taak nie maar na etlike jare van harde werk kon dit met die F.A.K.-kongres in Julie 1937 amptelik in ontvangs geneem word.

Met die ontvangs van die bundel het dr. A.J.R. van Rhijn hom die volgende woorde laat ontval: "Hierdie bundel gaan baie beteken en sal van ons 'n singende volk maak. Ek beskou dit as een van die groot bakens wat die F.A.K. in sy reusetaak ingeplant het. As die F.A.K. niks anders sou doen nie, dan

het hy al met hierdie bundel 'n monument opgerig wat ewig sal staan."

Interessant is dit om daarop te let dat van die ou Volksangbundel meer as 70,000 eksemplare verkoop is en dat die eerste uitgawe van die Nuwe F.A.K. Sangbundel, wat 'n op- laag van 20,000 gehad het, reeds uitverkoop is.

#### MUSIEK:

- (a) Die F.A.K. het hom van sy stigting af vir die Afrikaanse musieklewe beywer.

Voor die stigting van die F.A.K. was dit in S.A. die gewoonte dat musiekeksaminatore van oorsee af ingevoer word. Nadat die Uitvoerende Komitee die saak bespreek het is daar, deur bemiddeling van dr. A.J. van Rhijn, twee S.A.-eksaminatore deur die Universiteit van S.A. benoem om die preliminêre musiekeksamens van 1932 af, af te neem. Dit is gevolg deur die afneem van nog hoër eksamens deur S.A.-eksaminatore.

- (b) In Desember 1933 is 'n sewetal Afrikaanse plate deur die „His Masters Voice" -maatskappy uitgegee onder beskerming van die F.A.K. Aan die opnames het deelgeneem Stephen Eyssen, Corrie Olivier, Nunez Holtzhausen en ander gekeurde persone uit verskillende kore.

- (c) Die uitgee van die Volksangbundel was die voorloper van die instelling van 'n Musiekkommissie deur die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. Aan hierdie kommissie is opgedra:

- (i) Om Afrikaanse Musiek meer bekend te stel;
- (ii) jong Afrikaanse komponiste te help met die keuring van hulle komposisies en pogings aan te wend om die gekeurde werke te publiseer;
- (iii) Afrikaans as medium by die doseer van musiek te propageer en te help bevorder;
- (iv) die gebruik van Afrikaanse musiek en liedere te bevorder en gereeld aan te moedig;
- (v) die beskerming en bevordering van die belange van Afrikaanse Komponiste.

Die Musiekkommissie van die F.A.K. het al die volgende werke die lig laat sien:

- (i) „Mijn Vaderland Zuid-Afrika" deur dr. J.H. Pienaar en S.H. Eyssen. „Psalm 42 en Noordwaarts" van dr. C.F. Visser en ds. A.M. de V. Esterhuysen. „Gesang 12 en Psalm 40, 78 en 90" deur M.C. Roode. „Ons Boerwording" deur dr. J.H. Pienaar en S.H. Eyssen. Hierdie werke is spesiaal uitgegee in 1949 met die oog op die inwyding van die Voortrekkermonument.
- (ii) „Trap-vir-Trap", 'n Afrikaanse handleiding vir beginners in klavierlesse, opgestel deur mev. C.E. de Jager.
- (iii) „Engels-Afrikaanse Terminologie van Musiek" deur M.C. Roode.
- (iv) „F.A.K.-Kerkkoorboek I" saamgestel deur prof. G.G. Cillié uit die versameling van prof. F.W. Jannasch.

- (v) 'n Negetal werke van P.J. Lemmer.
- (vi) Die Eeufees-kantate wat Arnold van Wyk in 1938 vir die F.A.K. getoonset het.
- (vii) Die Nuwe F.A.K.-Sangbundel waaraan vyf jaar gewerk is.
- (viii) Werke wat binnekort verskyn:
  - „Liedjies en deuntjies vir meisies en seuntjies” 'n aantal kinderliedjies waarvoor Dolly Heiberg, Mariechen Naudé en Hubert du Plessis verantwoordelik is.
  - „Lida en die Liedjieskrywer” 'n operette vir skoolkinders waarvoor S. le R. Marais en Joan Retief verantwoordelik voor is.

#### MUSIEKBEURSE:

Met die instelling van die F.A.K.-Musiekbeurse in 1954 is die eerste beurs aan Mimi Coertze toegeken.

Daar bestaan twee beurse, die Senior F.A.K.-Musiekbeurs ter waarde van R200 en die Junior F.A.K.-Musiekbeurs ter waarde van R50. Daarbenewens het die Universiteitsraad van Stellenbosch, ter erkenning van die belangrike kultuurwerk wat die F.A.K. doen, twee beurse aan die Stellenbosse Konservatorium vir Musiek ingestel wat bekend staan as die F.A.K.-Stellenbosse Universiteitsbeurs. Laasgenoemde beurse staan gelyk aan inwoningsgeld in 'n Universiteitskoshuis plus klasgelde.

#### DIE S.A. VOLKSLIED:

Daar „God Save the King” ook in die Afrikaner se kele afgedruk is, ook as hulle volkslied, het die Uitvoerende Komitee met sy vergadering van 7 Maart 1931 besluit om 'n wedstryd uit te skryf vir 'n Volkslied wat deur die volk aanvaar sal word. Die eenparige keuse van 'n keurkomitee was C.J. Langenhoven se „Die Stem van Suid-Afrika”. 'n Verdere wedstryd vir die toonsetting daarvan het uitgeloop op die eenparige aanvaarding van dr. M.L. de Villiers se insending (in 1935).

Nou kon die F.A.K. na die Regering gaan met die dringende versoek dat Die Stem van Suid-Afrika erkenning as volkslied kry. Binne twee jaar het dit dan ook gebeur, toe hierdie lied in 1938 by die opening van die Parlement gespeel is. Na volgehoue vertoë deur die F.A.K., is Die Stem op 2 Mei 1957 deur adv. J.G. Strijdom tot enigste volkslied van Suid-Afrika verklaar.

#### TAALHANDHAWING:

Om taalhandhawing nog meer aan te moedig het die F.A.K. egter kort na sy stigting aan termelyste, die Handhaaf-en Boureeks, begin werk. Altesame 21 lyste het verskyn, en die terrein wat gedek is, strek van rugbyterme (met 'n nuwe reeks in 1959) tot skoenmakersterme, en van krieket tot fotografie.

#### MOEDERTAALONDERWYS:

Sedert sy stigting het die F.A.K. hom veral daarop

toegelê/.....

toegelê om moedertaalonderwys aan die Afrikaanse kind te laat toekom. Twee voorbeelde van hierdie optrede dien as duidelike illustrasies.

In 1943 het die F.A.K. 'n kongres oor moedertaalonderwys in Bloemfontein belê. Totius was een van die hoofsprekers. Die kongres was skynbaar gedoem tot mislukking, want dit was oorlog, en petrol was byna onverkrygbaar. 'n Treinrit was 'n weelde-artikel, wat dikwels net aan bevoorregtes gegun was. Op die koop toe het die reën begin neergiet en paaie was spoedig vrywel onbegaanbaar. Maar niks kon die Afrikaner stuit toe hy besef het dat die toekoms van sy kind op die spel was nie. Op 14 Desember 1943 was daar 'n duisend geesdriftige kongresgangers in Bloemfontein byeen. Totius het ons standpunt op treffende wyse gestel: „Net so min as wat Vaalrivier se volle vloed in sy bedding teruggewerp word. Geen potentat ter wêreld sal ons van ons eindbestemming kan terughou nie. Meer kan ons nie, minder sal ons nie bereik nie.”

Kort daarna was dit nodig om daadwerklik in Natal op te tree. Natal se Provinsiale Administrasie wou Afrikaans-medium skole tot niet maak. Die brandpunt was Pietermaritzburg, waar die stelselmatige vermindering van Afrikaanse skole se leerlinge 'n protesoptog op die oggend van 25 Januarie 1944 tot gevolg gehad het. Die C.N.O.-Bewaarskool is gestig. Vir 5 jaar het die F.A.K. 'n voltydse organiseerder in Natal gehad om die stryd in belang van moedertaalonderwys voort te sit. Altesame £25,000 is ingesamel om die Bewaarskool met sy personeel aan die gang te hou. Uiteindelik moes die Natalse Administrasie kopgee, en vandag staan die Afrikaanse Voortrekkerskool op Pietermaritzburg as 'n simbool van idealisme en oorwinning.

#### EKONOMIESE BEWUSMAKING:

Die F.A.K. het dit in die dertigerjare sterk aan gevoel dat daar onder die Afrikaanse volk 300,000 armblikes is. Vir die Afrikaner was daar op Ekonomiese terrein vrywel nog geen vastrapplek nie.

Onder vaandel van vader Kestell se wekroep „'n volk red homself” reël die F.A.K. op 3, 4 en 5 Oktober 1939 die Eerste Ekonomiese Volkskongres te Bloemfontein. Uit hierdie kongres is gebore:

- (i) Die Ekonomiese Instituut.
- (ii) Die Reddingsdaadbond.
- (iii) F.V.B.

Die kongres kon vandag beskou word as die geboortedag van die ekonomiese bewuswording van die Afrikaner.

#### VOORTREKKERMONUMENT:

Op 4 April 1931 het die F.A.K. 'n konferensie belê van Volksgedenktekenkommissies en by daardie geleentheid is 'n Sentrale Volksmonumente-Komitee in die lewe geroep wat hom veral moes toespits op die daarstelling van 'n grootse Voortrekkergedenkteken wat in 1938 onthul moes word. Weens verskeie redes kon dit eers in 1949 onthul word. In 1938 is die hoeksteen in elk geval gelê.

### S.A. UITSAAIKORPORASIE:

Daar Afrikaans in die dertigerjare deur die uitsaai-dienste baie afgeskeep is, het die F.A.K. se Uitvoerende Komitee gereeld vertoë gerig vir beter behandeling van Afrikaans.

Interessant is die volgende paragraaf in die algemene sekretaris van die F.A.K. se jaarverslag van 1934:

„Op Johannesburg is daar nou twee Afrikaanse aankondigers, nl. mnr. P. de Waal (voltyds) en M.P.O. Burgers (deeltyds). Kaapstad het 'n voltydse aankondiger in die persoon van mnr. G. Roos.”

### GELOFTEDAG:

Met die steun en samewerking van die drie Afrikaanse kerke word jaarliks sprekers vir Geloftedagkomitees gevind.

### HELDEDAG:

Die F.A.K. het hom onvermoeid beywer om 10 Oktober, die geboortedag van wyle Pres. Kruger, as openbare vakansiedag erken te kry. Hierdie pogings is uiteindelik met sukses bekroon en 10 Oktober word sedert 1950 amptelik as openbare vakansiedag erken.

### KRUGER STERFHUIS:

Die F.A.K. het dit sedert sy vroegste jare ten doel gestel dat die sterfhuis in Clarens, Switserland vir ons volk aangekoop word.

Op 10 Oktober 1949 rig wyle dr. D.F. Malan, toe Eerste Minister, 'n versoek aan die F.A.K. om £10,000 van die Afrikanerdom in te samel vir die aankoop van die huis. Met die gewillige medewerking en daadwerklike pogings van „Die Burger” is die bedrag gevind en die huis in Februarie 1950 aangekoop.

### AFRIKAANSE VERPLEEGBOND:

Tot 1 April 1960 was die voorsitter van die S.A. Verpleegstersraad 'n eentalige Engelssprekende. Dit het ook die gevoel in die verpleegsterberoep weerspieël waar die Afrikaanssprekende, uit vrees vir viktimisasie, haar los gehou het van wat haar eersgeboortereg is.

Met die stigting van die A.V.B. is veel gedoen om die toestand te verbeter, soveel so, dat Afrikaans vandag nie meer 'n vreemde taal is in die vergadersaal van die Verpleegsters se hoogste Raad nie. Hierdie sukses moet gesien word as 'n direkte oorwinning in die stryd van die A.V.B. om gelyke taalregte vir albei blanke taalgroepe te verseker.

### TAALFEESTE:

Met die Taalfeeste het die F.A.K. 'n nuwe patroon daargestel vir die reël van feeste.

### ROLPRENT:

Die F.A.K. het ook begin om ander kultuurmediums te gebruik en een van hulle is die rolprent.

Binne die eerste twee maande het meer as 400,000 mense „Doodkry is Min” gesien.